

Saterdag 30 April

Skrifgedeelte: Spreuke 16:33; 1 Samuel 29:1-3; 30:6-8

Fokusgedeelte: Spreuke 16:33 (OAV en NAV)

Die mens loot, maar God beskik

Ons moet dikwels groot besluite neem waarvan die uitkoms onseker is. Dit is byna 'n dobbelspel – dit is soos om die “lot in die skoot te werp” (Spr. 16:33, OAV). Moet ek 'n beroepskuif maak? 'n Twyfelagtige verhouding beëindig? Liewer 'n tweede opinie inwin? Is die voorgestelde operasie werklik nodig? Waarheen ná aftrede? Kan ek my belegging aan daardie makelaar toevertrou?

Dawid was 'n man na God se hart, en tog het hy soms keuses sonder God geneem. Ter wille van koning Akis, die Filistyn, was Dawid en sy manne bereid om teen hulle eie volk te veg (1 Sam. 29)! 'n Verskriklike wilsbesluit wat erge teëspoed sou bring – hulle woonplek word afgebrand en hulle families ontvoer (1 Sam. 30). Dawid was in nood. Eiewillige keuses dompel 'n mens in onhanteerbare krisisse.

Gelukkig is dit die Here wat die uiteinde bepaal, sê ons teks. God het gesorg/voorsien dat die Filistyne Dawid terugstuur sodat hy nie teen Saul en Israel die swaard sou lig nie. Dawid word weerhou, gered uit die situasie waarin hy hom en sy manne gewerp het. Daarna sou die Here ook daarvoor sorg dat Dawid en sy manne hulle families ongedeerd sou opspoor. Watter verligting en salige uitkoms!

Hoe baie kere was u nie verlos uit die hoeke waarin u uself vasgepen het nie. Dink gerus terug aan sodanige noodsituasies in u lewe. Daar het genadiglik deure agter u oopgegaan waardeur u kon ontsnap. Hierdie Goddelike bemoeienis is danksy die kruis en opstanding van Jesus Christus moontlik gemaak.

Heerlike bevryding het nou reeds in u lewe 'n werklikheid geword. Loof die Here daarvoor!

Sing: Psalm 42:4, 5 (1936)

Ds. AS (Fanus) Heystek (Emeritus)